Die Onvoltooide Monument

Opgestel uit mededelings deur die teologiese kandidate L. J. Jacobs en D. J. M. Dekker



Die gebied van die G.E.M. Sending. Dingaanstat val net buite die gebied en nie daarbinne soos op hierdie kaartjie nie.

Die klompie bekeerlinge het na die veldtog in die Makatinivlakte van die span kom afskeid neem met die lied: „Ngiyathanda ukumlandela uJesu" — ons wil Jesus graag volg. Hulle afskeidswoorde het die harte geroer: „Ons is baie bly julle het die lig van die evangelie na ons gebring, maar nou laat julle ons soos weeskinders agter."

Gedurende die afgelope Julievakansie was daar nog 'n spesiale evangelisasieveldtog deur Kweekskool en Admissiestudente, wat lede van die Teologiese Studente-Sendingvereniging is, in die Makatinivlakte. Dit het onder leiding van dr. W. J. v.d. Merwe, professor in Sendingwetenskap aan die Kweekskool op Stellenbosch gestaan. Twee studente wat die afgelope jare gedurende vakansies vir die veldtogte daarheen gegaan het, het vanjaar gegaan om onder andere hulle proefpreke in Zoeloe in die hartjie van die Makatinivlakte te lewer in teenwoordigheid van die professor! Hulle is nou finalejaar-studente aan die Kweekskool en het hulle albei vir voltydse sendingdiens in die Makatinivlakte aangebied.

Maar daar is probleme. Die Makatinivlakte vorm deel van die Geestelike Eeufeesmonumentsending (G.E.M.). En die Natalse Sinode het vir die volgende 4 jaar vir die G.E.M. net vir 1 ekstra sendelingspos beplan. En dit eers as die Algemene Sinode dit goedkeur en die Streeksinodes ruimer steun gee om die uitbreiding moontlik te maak.

Die Natalse Sinodale Sendingkommissie is so vasgevang deur

(Blaai om asb.)

die geestelike nood wat elders in Natal onder die Bantoes heers, veral om die stede en in Suid-Natal, dat hulle ekstra fondse ook buite Natal moet soek vir dringende uitbreiding binne die G.E.M.-gebied.

Die studente skrywe na aanleiding van die bekeerlinge wat daar alleen agtergelaat moes word: „Die herdershart het gebloei om die lammers alleen agter te laat... Wat van die wolwe? Kan u verstaan waarom ons na afloop van ons studie alles sal wil doen om voltyds daarheen te gaan? Daar is so baie skape sonder herder! En hulle wag angstig. Wat kan u doen? U kan bid en hulle help stuur! In die nabye toekoms gaan grootskaalse landbou-ontwikkeling in die Makatini plaasvind en baie Bantoe arbeiders daarheen lok. Sal ons nie 'n voorsprong hê as ons Kerk noual daar 'n vastrapplek kan kry nie?"

Die sendingwerk het uit huisbesoek, of kraalbesoek, opelugdienste, katkisasielesse in die oggende en kleurskyfiedienste in die aande bestaan. Aan diegene wat kan lees, is Christelike lektuur gegee; aan ander grammofone en plate.

Deur die genade van die Here is daar met vrug gearbei. Daar het lig in harte opgegaan wat voorheen bykans niks van Christus geweet het nie. Een van die spanlede het die nood daar soos volg opgesom: „Christus se wederkoms is naby en tog is daar baie in die Makatini wat nog nie van Sy eerste koms gehoor het nie."

Waar is die Makatinivlakte?

Met Portugees-Oos-Afrika as die noordgrens, die Ubombobergreeks as wesgrens, wat Swaziland van die Makatini skei, strek die vlakte tot aan die Indiese Oseaan. Dit vorm dus die mees noordelike punt van Zoeloeland. Die Makatini vorm as't ware die koepel van die Geestelike Eeufeesmonument in die Noorde. Die mooi en aangrypende geskiedenis van die G.E.M. is goed bekend.

ONVOLTOOIDE KOEPEL

Deur die jare het leraars van ons Kerk dapper gepoog om hierdie koepel van die G.E.M. in die Makatini te voltooi, maar telkens weer moes die bouwerk gestaak word en teruggetrek word as gevolg van malaria, ander siektes, gebrek aan drinkwater en swak paaie. Malaria en ander siektes is bekamp, maar die nog groter „probleem" verhoed dat daar weer begin kan word met die bouwerk: gebrek aan fondse.

Bydraes vir die G.E.M. het deur die jare gekrimp. **Sal ons hierdie „kind", wat in die geloof gebore is, nie weer opsoek, noudat hulp so dringend nodig word nie?** ★

ONS LESERS SKRYWE

Arbeiders nodig vir die Kleurlingkerk

Prof. dr. W. J. v. d. Merwe, Skoolstraat 9, Stellenbosch:

Met groot waardering het ek daarvan kennisgeneem dat u die behoefte aan sendingarbeiders so by herhaling onder die aandag gebring het. Graag onderstreep ek net weer die tekort aan blanke leraars binne die N.G. Sendingkerk (Kleurlinge). In hierdie Dogterskerk is daar tans meer as 40 vakatures. Sommige sou deur Kleurlingleraars gevul kon word. Daar is egter hoegenaamd nie genoeg Kleurlingleraars om al die vakatures te vul nie en daar sal beslis ook nie genoeg in die afsienbare toekoms wees nie. Volgens 'n baie konserwatiewe skating is daar ten minste 30 blanke sendelinge *nou* nodig in ons Dogterkerk onder die Kleurlinge.

Daar sou dus ook nou op al ons sendingvelde minstens nog 64 sendingleraars en meer as 200 sendelinge van die verskillende professies nodig wees. Eintlik wil dit my voorkom asof die arbeidernood vandag nog die grootste in die werk onder die Kleurlinge is. Aan die een kant is daar baie min sendingkandidate wat hulle vir hierdie werk aanbied. Aan die ander kant gaan die sendingarbeid 'n moeilike tydperk deur met die verstedeliking van die Kleurlinggemeenskap en verder nog met die verskuiwing van Kleurlinge na nuwe groepsgebiede. Dit hou vir die N.G. Sendingkerk meestal 'n groot verlies van sy lidmate in. Op die platteland behoort 30% van die Kleurlingbevolking aan die Ned. Geref. Kerk. In die Kaapse Skiereiland behoort slegs 8% en in Johannesburg slegs 5% aan hierdie Kerk.

Ek wil baie dringend vra dat die groot nood aan arbeiders onder Kleurlinge weer pertinent onder die biddende aandag van u lesers gebring sal word.

(Ons is ons geagte korrespondent en medewerker op die Redaksie dankbaar dat hy die nood in die Ned. Geref. Sendingkerk deur hierdie skrywe weer so duidelik onderstreep. In die Augustusnommer is dit in die redaksionele artikel deur ds. J. J. Sieberhagen ook reeds gedoen. Mag dit die besef van hierdie deel van die personeelnood in die Sending by ons verskerp en ons aanspoor tot gelowige en volhardende gebed. — Red.) ★